

# BROEKRUMP KRUIS

deur HENRIETTE LOUW

Baie gemaklik, veral in die winter saam met 'n knus trui en lekker warm winterkouse. Die wind kan maar waai, die broekrump sal nie opwaai nie, al is die broekspyp so wyd en geplooi

## DIAGRAM

op bl. 102

**BENODIGDHEDE:** 2,8 m tartanflanel, 90 cm breed; 50 cm bypassende koordferweel, 90 cm breed; 11 knopies; bypassende garing; kruisbande.

**AANWYSINGS:** Verskaal diagram op grafiekpapier tot regte grootte volgens gewese afmetings. Die 1 cm wat vir nate en some toegelaat word, is bygereken.

Vou tartanflanel dubbel en knip voor- en agterpante van broekspyp uit.

Knip voor- en agterpant van heupstuk enkel uit tartanflanel en enkel uit koordferweel met sfof elke keer dubbel gevou en stippellyn op vou van materiaal.

Knip omboorsel vir broekspyp en middelband uit koordferweel.

Werk die twee halwe voorpante en halwe agterpante van broekspyp by kruisnate aan mekaar vas. Stik broekspyp, agterpant as geheel aan voorpant as geheel, by kruis aan mekaar vas en stik synate toe. Plooi borand van broekspyp in tot 108 cm.

Om heupstuk te maak, stik twee tartanflanelpante en twee koordferweelpante afsonderlik aan mekaar met regte kante op mekaar. Plaas heupstukke nou op mekaar met verkeerde kante op mekaar en met ferweel onder flanel. Vou syrande 1 cm

breed na binne om en stik met bostiksel aan mekaar vas. Laat linkervoorrand linkeragterrand 2 cm breed oorvleuel en stik oorslag onder vas.

Stik broekspyp aan heupstuk vas. Plooi heupstuk om middel in tot 80 cm. Boor onderste rande van broekspyp met ferweel om sodat 2 cm van ferweel aan regte kant sigbaar is.

Om middelband te maak, stik tartanflanel en koordferweelstrook al langs een lang rand aan mekaar. Vou ferweel by stiksel na verkeerde kant om sodat dit 2 cm breed bo middelband uitsteek soos op foto gesien kan word. Pars. Stik middelband aan heupstuk vas.

Maak knoopsgate in heupstuk en middelband soos op foto gesien kan word (3 in heupstuk en 2 in middelband). En werk knope teenoor knoopsgate op teenoorgestelde rand van opening aan.

Trek rek van kruisbande met tartanflanel oor. Werk knope aan middelband vas waar kruisbande vasgeknoop moet word.

# MET BANDE





**SMOKWERK**Die *Sally Stanley***SMOKPLOOIER MET  
24 RYE****SLEGS R55,00**(Insl. AVB en Posgeld)  
Waarborg: Geld terug indien binne 14 dae  
onbeskuldig teruggestuur,  
Cuckoolaan, Hilton, Natal.

Stuur bestellings aan:





**Sally Stanley**Posbus 318  
HILTON 3245Natal  
Tel PMB (0331) 34261  
Voor 9 vm. of na 5 nm.**BOEKE en PATRONE**ook beskikbaar.  
Stuur geadresseerde,  
gefrankeerde kovert vir  
gratis pryslys. S2**'N BROEKRUMP MET  
KRUISBANDE**

VAN BLADSY 99

 $\frac{1}{2}$  flanelmiddelband

ferweelbroekspyp-

omboorsel X 4

**VUL  
HIERDIE KOEPON IN,  
...EN VERLOOR****...TERWYL JY SENTIMETERS AFSKUD  
SLEGS R1790 VERVAARDIG IN DIE V.S.A.  
VIR MANS EN DAMES**Nou kan jy, saam met 'n dieet, sentimeter na sentimeter  
verloor en aanhou verloor!

- Trek jou maag in
- Verslank jou middel
- Maak daardie "spaarwiel" platter
- Gee jou ferm gerief plus steun terwyl dit verslank en vorm.
- Meer houkrag!
- Drie lae diep, 22,5mm wyd
- Velcro-strook verstel om jou aan te hou vorm namate jy gewig verloor.
- Veerlig, sag en masjienwasbaar.

Pas jou perfek, maak nie saak hoeveel gewig jy verloor  
(of aansit) nie. Eerste dag : 5cm weg : 12,5cm weg.Die Figure Trimmer spaar jou ook geld — want jy kry dit teen  
fabrieksprys. Dieet is goed maar jy het meer nodig om jou  
wylskrag aan te spoor. Dis nodig om jou vinnig te help verslank.  
Tevredenheid gewaarborg!SNY AF EN POS AAN: MIDLANDS INTERNATIONAL,  
POSBUS 8114, CUMBERWOOD 3235

Stuur asseblief aan my een "Figure Trimmer" vir R17.90 Plus R1.10

vir posgeld, pakking en hanteering en R1.14 vir verkoops belasting.

☐ Ingesluit die som van R20.14 ☐ Stuur Asseblief K.B.A. Ek sluit 'n deposito van  
R5.00 in. (K.B.A. foole van R2.10 sal aan alle K.B.A. pakette bygevoeg word).

NAAM: ..... 7893/2A

ADRES: .....

KODE: .....

KAMER 101, KERKSTRAAT 518, PIETERMARITZBURG. FOON (0331) 52645